Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

REKENINGKUNDE

PUNTE: **300**

TYD: **3 uur**

* A C C N A *

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye en ’n 19 bladsye-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon alle bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

8. Gebruik die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 50 punte; 30 minute	
Onderwerp van die vraag	**Hierdie vraag integreer:**
Debiteure-ouderdomsanalise en Versoening	**Finansiële rekeningkunde** Debiteure-ouderdomsanalise Begrippe Bankversoening **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer
VRAAG 2: 35 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Voorraadwaardasie	**Bestuur van hulpbronne** Voorraadwaardasiemetodes Voorraad-berekeninge Interne beheer
VRAAG 3: 45 punte; 25 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kosteberekeninge	**Bestuursrekeningkunde** Produksiekostestaat Gelykbreekpunt en koste-ontleding **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer
VRAAG 4: 60 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Maatskappye: Finansiële State	**Finansiële rekeningkunde** Begrippe Staat van finansiële posisie (Balansstaat) **Bestuur van hulpbronne** Etiek
VRAAG 5: 80 punte; 50 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Maatskappye: Kontantvloei en vertolking	**Finansiële rekeningkunde** Kontantvloeistaat Vertolking van finansiële inligting
VRAAG 6: 30 punte; 20 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Kontantbegrotings	**Bestuursrekeningkunde** Berekeninge en vertolking van begrotings **Bestuur van hulpbronne** Interne beheer

VRAAG 1: DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE EN BANKVERSOENING
(50 punte; 30 minute)

1.1 DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE

Die eienaar van Jumbo Handelaars, Sumi, het jou genader vir hulp met die bestuur van debiteure.

GEVRA:

1.1.1 Verduidelik hoe die Debiteure-ouderdomanalise kan help met die kontrole van debiteure. Verskaf EEN punt. (2)

1.1.2 Bereken die gemiddelde debiteure-invorderingstermyn (in dae) vir die finansiële jaar geëindig 31 Augustus 2019. (5)
- Lewer kommentaar of die besigheid hiermee tevrede moet wees. (2)

1.1.3 **Verwys na Inligting C:**

Identifiseer TWEE verskillende probleme wat deur die debiteure-ouderdomsanalise geopenbaar word. Haal bewyse en/of syfers aan. In elke geval, gee advies om die interne beheer rakende die geïdentifiseerde probleem te verbeter. (6)

INLIGTING:

A. Die saldo van die debiteurekontrole was R19 800 op 1 September 2018.

B. Totale verkope vir die jaar beloop R750 000.
40% van verkope is kontant en die res op krediet.

C. **Debiteure-ouderdomsanalise op 31 Augustus 2019**

Kredietbeleid: Debiteure word 30 dae gegee om hul skuld te vereffen.

NAAM	KREDIET-LIMIET	TOTAAL	HUIDIGE MAAND	30 DAE	60 DAE	60 DAE+
B. Botha	R 8 000	R 6 000	R 6 000			
C. Coma	30 000	32 000	11 574	R 3 000	R 3 710	R13 716
P. Pule	20 000	18 600	-	8 000	10 600	
R. Rome	18 600	19 600	3 000	4 240	12 360	
		76 200	20 574	15 240	26 670	13 716
			27%	20%	35%	18%

1.2 BANKVERSOENING

Jy word voorsien van inligting rakende Simms Handelaars vir Julie 2019.

GEVRA:

1.2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs waar of onwaar langs die vraagnommer ((a)–(d)) in die ANTWOORDEBOEK neer.

(a) ŉ Tjek ouer as ses maande sal nie deur die bank gewisssel word nie, aangesien dit ŉ verouderde tjek is.

(b) Diensgelde en rente op bankoortrekking sal as bankkoste in die Kontantbetalingsjoernaal aangeteken word.

(c) ŉ Debietsaldo op die bankstaat dui ŉ ongunstige saldo aan.

(d) ŉ Interne ouditeur moet die bankversoeningstaat aan die einde van elke maand nagaan. (4)

1.2.2 Bereken die korrekte totale vir die Kontantontvangsjoernaal en die Kontantbetalingsjoernaal vir Julie 2019. Gebruik die tabelle wat voorsien word. (14)

1.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 31 Julie 2019 op. (10)

1.2.4 Verduidelik hoe tjek nr. 908 behandel moet word wanneer die finansiële state op 31 Julie 2019, die einde van die finansiële jaar, opgestel word. (2)

1.2.5 **Verwys na inligting F.**
Die boekhouer het besluit om die bedrag van R50 000 af te skryf.

- Identifiseer die AARP-beginsel wat deur die boekhouer toegepas is. (1)
- Verskaf TWEE voorstelle oor hoe ŉ soortgelyke probleem in die toekoms voorkom kan word. (4)

INLIGTING:

A. **Bankversoeningstaat op 30 Junie 2019**

	Debiet	Krediet
Saldo volgens Bankstaat	R19 310	
Uitstaande deposito (10 Mei 2019)		R50 000
Uitstaande tjeks		
nr. 892 (1 Januarie 2019)	12 340	
nr. 897 (22 Junie 2019)	8 700	
Saldo volgens Bankrekening	9 650	
	50 000	50 000

B. Voordat die Julie 2019 Bankstaat ontvang is, verskyn die volgende voorlopige totale in die Kontantjoernale vir Julie 2019:
- KOJ R 127 670
- KBJ R 68 900

C. Die Bankstaat vir Julie 2019 dui die volgende aan:

- Bankkoste R1 300
- Rente op oortrekking R920
- Debietorder vir versekering R600
- Direkte deposito van R1 800 vir huur ontvang van ŉ huurder

D. Tjek nr. 892 is as ŉ donasie uitgereik. Dit is nog nie gewissel nie.

E. Tjek nr. 897 verskyn nie op die Julie 2019 bankstaat nie.

F. Die uitstaande deposito (10 Mei 2019) kan nie opgespoor word nie en die kassier op daardie tyd, het intussen verdwyn. Daar is besluit om die bedrag af te skryf.

G. ŉ Tjek ontvang van Redman Handelaars gedateer 25 November 2019, vir R15 000, is nie in die Julie 2019 Kontantontvangstejoernaal aangeteken nie. Dit is ook nie gedurende Julie gedeponeer nie.

H. Die volgende items verskyn in die Julie 2019 Kontantjoernale, maar nie op die Julie Bankstaat nie:

- ŉ Deposito van R18 000, gedateer 27 Julie 2019
- Tjek nr. 905, gedateer 31 Julie 2019
- Tjek nr. 908, R3 100, gedateer 15 Desember 2019, is uitgereik aan ŉ krediteur, D. Hart, vir die verskaffing van goedere.

I. Die Bankstaat op 31 Julie 2019 dui ŉ kredietsaldo van R44 040 aan.

50

VRAAG 2: VOORRAADWAARDASIE (35 punte; 20 minute)

Omega Electronics is ŉ besigheid wat televisies verkoop. Die besigheid word deur Ching Lee besit. Hulle maak gebruik van die GEWEEGDEGEMIDDELDE-metode vir voorraadwaardasie en gebruik die periodieke voorraadstelsel. Die finansiële jaar het op 28 Februarie 2019 geëindig. Die winsgrens is 25% op kosprys.

GEVRA:

2.1 Bereken die volgende op 28 Februarie 2019:

2.1.1 Waarde van die eindvoorraad (10)

2.1.2 Brutowins vir die jaar geëindig (5)

2.2 Die eienaar en die rekenmeester stem nie saam met die metode van voorraadwaardasie nie. Die rekenmeester wil die EIEU-metode gebruik.

2.2.1 Bereken die waarde van voorraad op 28 Februarie 2019 deur die EIEU-metode te gebruik. (7)

2.2.2 Verduidelik die effek op brutowins indien die EIEU-metode gebruik word. (2)

2.2.3 As ŉ interne ouditeur, verduidelik aan die eienaar en die rekenmeester, die voordele om die EIEU-metode te gebruik. Noem TWEE punte. (4)

2.3 Ching Lee voel dat sy nie haar teiken winsopslag % in 2019 kon bereik nie.

- Doen (of voer) ŉ berekening uit om te bevestig of sy korrek is. (3)
- Verskaf TWEE voorstelle wat geïmplementeer kan word om winsgewendheid te verbeter. (4)

INLIGTING:

A. Voorraad van televisiestelle:

Datum	Besonderhede	Totaal
1 Maart 2018	49 eenhede	R195 424
28 Februarie 2019	220 eenhede	?

B. Aankope en terugsendings van televisiestelle gedurende die jaar.

	Aantal eenhede	Totaal
Aankope:		
Julie 2018	200 eenhede @ R4 680 elk	R936 000
Okt 2018	388 eenhede @ R5 145 elk	1 996 260
Jan 2019	200 eenhede @ R5 512 elk	1 102 400
	788 eenhede in totaal	**4 034 660**
Terugsendings:		
7 eenhede van Januarie 2019 aankope.		

C. Verkope vir die jaar, R3 450 300.

35

VRAAG 3: VERVAARDIGING (45 punte; 25 minute)

3.1 VUMA VERVAARDIGERS

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot VUMA Vervaardigers vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019. Die besigheid vervaardig handsakke.

GEVRA:

3.1.1 Stel die volgende notas tot die Produksiekostestaat op:

- Direkte arbeidskoste (6)
- Fabrieksbokoste (10)

3.1.2 Stel die Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2019 op. (10)

INLIGTING:

A. **Voorraad voorhande op 1 Maart 2018**

Grondstowwe	R138 000
Goedere-in-bewerking	79 000
Klaarprodukte	68 000

B. **Voorraad voorhande op 28 Februarie 2019**

Grondstowwe	R142 000
Goedere-in-bewerking	**?**
Klaarprodukte	172 000

C. **Grondstowwe**

- Grondstowwe gedurende die jaar aangekoop beloop R1 450 000.
- Grondstowwe, koste R19 000, is aan die verskaffer teruggestuur.

D. **Arbeid**

- Die fabriek het vyf werkers wat by produksie betrokke is. Saam het hulle in totaal 800 uur per maand teen R50 per uur (normale tyd) gewerk. Slegs drie werkers het 60 ure elk per maand oortyd gedurende die finansiële jaar gewerk.
  Die oortydkoers is 1½ keer die normale koers.
- Die werkgewer dra 1% van die normale loon tot die WVF vir alle werknemers by.
- Indirekte arbeid beloop R135 340 voordele ingesluit.

E. **Syfers verkry uit die Proefbalans:**

Water en Elektrisiteit	R77 000
Huur-uitgawe	288 000
Waardevermindering op fabriekstoerusting	18 900
Waardevermindering op kantoortoerusting	5 300
Versekering	108 000
Diverse uitgawes	84 000

Addisionele inligting met betrekking tot bogenoemde:

- Die water- en elektrisiteitsrekening word onder fabriek, kantoor en verkope afdelings in die verhouding 4 : 2 : 1 verdeel.
- 75% van alle diverse uitgawes het betrekking op die fabriek.
- Huur het onveranderd gedurende die finansiële jaar gebly. Huur word toegeken volgens vloeroppervlakte gebruik, soos volg:
  1 500 vierkante meter, 500 vierkante meter en 400 vierkante meter vir fabriek, verkope en kantoor-adfelings onderskeidelik.
- Versekeringskoste op toerusting word soos volg onder fabriek, verkope en kantoor verdeel:
  - Fabriek R48 500
  - Verkope 37 400
  - Kantoor 22 100

3.2 **JPC VERVAARDIGERS**

Jy word voorsien van inligting rakende JPC vervaardigers wat bestaan uit twee fabrieke wat verskillende produkte produseer: Reistasse en skootrekenaarsakke. Die eienaar, JP, het gevind dat sy wins van 2018 tot 2019 afgeneem het. Hy vra vir advies.

GEVRA:

3.2.1 Identifiseer EEN veranderlike koste in elke department wat nie goed beheer word nie. Haal syfers aan. Gee in elke geval ŉ oplossing vir die geïdentifiseerde probleem. (8)

3.2.2 Bereken die gelykbreekpunt van **reistasse** vir 2019. (4)

3.2.3 Verduidelik of die besigheid tevrede moet wees met die vervaardiging van reistasse. Haal syfers aan. (3)

3.2.4 JP wil die verkoopprys van EEN van die produkte aanpas. Watter raad sal jy hom aanbied? Gee ŉ geldige rede vir jou voorstel en haal relevante syfers aan. (4)

INLIGTING:

	REISTASSE		SKOOTREKENAAR-SAKKE	
	2019	**2018**	**2019**	**2018**
Algemene inligting				
Totale vaste koste	R3 500 000	R3 500 000	R2 100 000	R2 100 000
Nettowins/(verlies)	(118 000)	1 050 000	1 692 000	1 932 000
Veranderlike koste per eenheid	**R242**	**R218**	**R92**	**R82**
Direkte materiaalkoste	R68	R70	R54	R40
Direkte arbeidskoste	R150	R130	R32	R32
Verkoop en verspreidings-koste	R24	R18	R6	R10
Addisionele inligting				
Verkoopprys per eenheid gehef deur JP	R420	R400	R250	R250
Verkoopprys per eenheid deur mededingers gehef	R405	R405	R265	R260
Aantal eenhede vervaardig en verkoop	19 000 eenhede	25 000 eenhede	24 000 eenhede	24 000 eenhede
Gelykbreek eenhede	? (sien) **3.2.2**	19 231 eenhede	13 292 eenhede	12 500 eenhede

45

VRAAG 4: FINANSIËLE STATE (60 punte; 35 minute)

4.1 Kies die korrekte beskrywing in KOLOM B wat by die begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die letters (A–E) langs die vraagnommers (4.1.1–4.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	SAIGR	A	Riglyne vir voorbereiding van finansiële state om konsekwentheid te verseker
4.1.2	KMIE	B	Aangestel deur die raad van direkteure
4.1.3	IFRS	C	Handhaaf die integriteit van die beroep en tree dissiplinêr op teen diegene wat standaarde oortree
4.1.4	Interne ouditeur	D	Spreek ŉ onbevooroordeelde mening oor die finansiële state van die maatskappy uit
4.1.5	Eksterne ouditeur	E	Handhawing van rekords en beheer van nuwe/bestaande maatskappye

(5 x 1) (5)

4.2 **CDJ BPK.**

Die inligting is van ŉ publieke maatskappy met ŉ gemagtigde aandelekapitaal van 1 500 000 gewone aandele. Die finansiele jaar het geëindig op 28 Februarie 2019.

GEVRA:

4.2.1 Voltooi die Behoue Inkomste-nota tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat). (12)

4.2.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2019. (35)

4.2.3 Die raad van direkteure het die volgende TWEE programme by die algemene jaarvergadering voorgestel:

Program 1 R1 500 000 toegeken word vir personeelopleidings- en ontwikkelingsinisiatiewe gedurende die volgende twee finansiële jare.

Program 2 R1 000 000 aan die opheffing van die rekenaarfasiliteite by drie plaaslike skole bestee word.

Vic Pienaar, ŉ jong aandeelhouer, was nie tevrede met hierdie voorstel nie. Hy glo dat groter dividende aan aandeelhouers gegee moet word.

- Verduidelik waarom die direkteure hierdie voorstelle in hul direkteursverslag ingesluit het. Verskaf TWEE punte. (4)
- Verskaf ŉ ander voordeel van elk van die voorgestelde programme aan die maatskappy. (4)

INLIGTING:

A. **Saldo's/Totale op 28 Februarie 2019:**

	Debiet	Krediet
Gewone aandelekapitaal (1 000 000 aandele)		R4 200 000
Behoue inkomste (1 Maart 2018)		468 000
Lening: Central Bank		352 400
Vaste bates teen kosprys	R4 919 040	
Opgehoopte waardevermindering		201 520
Handelsvoorraad	255 340	
Debiteurekontrole	235 000	
Voorsiening vir oninbare skulde		4 000
Vaste deposito: King Bank	**?**	
Bank	381 300	
Krediteurekontrole		22 000
SAID (inkomstebelasting)	340 000	
Versekering	23 520	
Huur inkomste		34 600

B. **Addisionele inligting:**

(i) **Aandelekapitaal**

200 000	Aandele was aan die begin van die huidige finansiële jaar in gebruik.
600 000	Addisionele aandele is op 1 April 2018 teen R3,90 per aandeel uitgereik.
200 000	Addisionele aandele is op 31 Oktober 2018 teen R5 per aandeel uitgereik.
50 000	Op 28 Februarie 2019 is aandele van die boedel van 'n afgestorwe aandeelhouer vir R237 500 teruggekoop. Hierdie transaksie **is nog nie** aangeteken nie.

(ii) **Leningsooreenkoms met Central Bank:**

Beginsaldo van lening op 1 Maart 2018.	R550 000
Terugbetaling gedurende die jaar, rente ingesluit	197 600
Sluitingssaldo	420 000

- Die rente op lening word gekapitaliseer.
- R150 000 van die lening sal in die volgende finansiële jaar betaal word.

(iii) **Dividende:**

- 'n Tussentydse dividend van 30 sent per aandeel is op 31 Augustus 2018 betaal.
- 'n Finale dividend van 22 sent per aandeel is verklaar op 28 Februarie 2019 en moet nog in berekening gebring word.

(iv) **Die volgende aansuiwerings moet slegs in ag geneem word vir die opstel van die Balansstaat:**

- Die huur vir Februarie 2019 is nog nie ontvang nie. Die ruimte word sedert 1 Desember 2018 verhuur.
- ŉ Addisionele versekeringspolis op granietsae is op 1 Oktober 2018 uitgeneem. Die jaarlikse premie van R13 440 is betaal.
- Verbruiksgoedere voorhande, R1 580.
- ŉ Debiteur wie R35 000 skuld, is insolvent verklaar. Geen inskrywing is gemaak nie.
- Die voorsiening vir oninbare skuld moet aangesuiwer word tot R6 000.
- Ouditfooie van R9 000 is steeds uitstaande op 28 Februarie 2019.

(v) **Nettowins en inkomstebelasting:**
Inkomstebelasting vir die jaar is bereken teen 30%.
Nettowins voor belasting is R1 085 600 nadat al bogenoemde aansuiwerings in berekening gebring is.

60

VRAAG 5: KONTANTVLOEI EN VERTOLKING (80 punte; 50 minute)

Die volgende inligting het betrekking op Frankfurt Bpk. wat parfuum aan kleinhandelaars versprei. Die finansiële jaar eindig op 31 Augustus 2019.

GEVRA:

5.1 Bereken die volgende vir die kontantvloeistaat:

5.1.1 Die kontant deur bedrywighede voortgebring (15)

5.1.2 Die kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite (10)

5.1.3 Die kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite (7)

5.1.4 Die netto verandering in kontant en kontantekwivalente (5)

5.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2019:

- Vuurproefverhouding (4)
- Skuld-ekwiteitverhouding (4)
- Netto-batewaarde per aandeel (4)
- Persentasie opbrengs op totale kapitaal aangewend (8)

5.3 Dit was ŉ goeie besluit van die direkteure om die lening te verhoog. Verduidelik en haal TWEE finansiële aanwysers met syfers aan om die direkteure se besluit te ondersteun. (6)

5.4 Een van die aandeelhouers wil sy aandele teen 550 sent per aandeel verkoop. Verduidelik waarom die besigheid nie hierdie aandele moet terugkoop nie. Haal TWEE finansiële aanwysers (met syfers) aan om jou mening te ondersteun. (4)

5.5 Identifiseer TWEE belangrike besluite wat deur die direkteure geneem is, soos blyk uit die Kontantvloeistaat. Haal syfers aan. Verduidelik hoe hierdie besluite die besigheid in die toekoms sal bevoordeel. (8)

5.6 Lee Jenkins besit 20 000 aandele in die maatskappy. Sy is nie tevrede met die lae dividende wat sy vanjaar gekry het nie.

- Bereken die bedrag vir dividende wat sy vanjaar gekry het. (2)
- Verduidelik aan haar waarom jy dink die direkteure die dividende-uitbetalingsbeleid vanjaar verander het. Haal syfers aan. (3)

INLIGTING:

A. **Uittreksel van die Inkomstestaat op 31 Augustus 2019:**

Waardevermindering	R950 000
Rente uitgawe	144 150
Nettowins voor belasting	1 230 000
Inkomstebelasting	?
Nettowins na belasting	861 000

B. **Uittreksel van die Balansstaat op 31 Augustus:**

	Nota	2019	2018
Vaste bates teen drawaarde		R3 616 400	R2 300 000
Finansiële bates		300 000	712 500
Bedryfsbates		1 231 050	1 116 650
Voorrade		903 900	1 044 700
Handels- en ander ontvangbares	Sien (iv)	257 150	70 950
Kontant en kontantekwivalente		70 000	1 000
Gewone aandelekapitaal		1 932 000	2 000 000
Behoue inkomste		1 413 800	1 156 000
Lening		1 622 000	300 000
Bankoortrekking			62 000
Handels- en ander betaalbares	Sien (v)	944 800	?

C. **Addisionele inligting:**

(i) **Gewone aandelekapitaal:**

1 000 000	Aandele in uitreik aan begin van die jaar	R2 000 000
200 000	Addisionele aandele uitgereik op 30/11/2018	520 000
280 000	Aandele teruggekoop op 31 Mei 2019	(588 000)
920 000	Uitgereikte aandele op 31 Augustus 2019	1 932 000

(ii) **Uittreksel van Behoue inkomste:**

Aandele teruggekoop	(R266 000)

(iii) **Vaste bates**

- Vaste bates is gedurende die jaar aangekoop vir R?
- Vaste bates is gedurende die jaar teen boekwaarde verkoop, R225 000.

(iv) **Handels- en ander ontvangbares:**

	2019	2018
Netto Handelsdebiteure	R208 150	R70 000
Vooruitbetaalde uitgawes	0	950
SAID (Inkomstebelasting)	49 000	

(v) **Handels- en ander betaalbares:**

	2019	2018
Handelskrediteure	R944 800	R860 700
Vooruitontvange inkomste	0	28 300
SAID (Inkomstebelasting)		163 700
Aandeelhouers vir dividende	193 200	120 000

D. **Finansiële aanwysers:**

	2019	2018
% Opbrengs op aandeelhouersbelang	**?**	16,3%
Verdienste per aandeel	80 sent	56 sent
Dividende per aandeel	33 sent	50 sent
% Opbrengs op totale kapitaal aangewend	**?**	21,2%
Rentekoers op lening	15%	14%
Netto batewaarde per aandeel (NBW)	**?**	315,6 sent
Skuld/ekwiteitsverhouding	**?**	0,1 : 1
Markprys per aandeel	380 sent	360 sent
Bedryfskapitaalverhouding	1,6 : 1	1,5 : 1
Vuurproefverhouding	**?**	0,4 : 1

80

VRAAG 6: KONTANTBEGROTING (30 punte; 20 minute)

Jy word voorsien met inligting van Stutt BPK. Die finansiële jaar van die besigheid het op 31 Julie 2019 geëindig.

GEVRA:

6.1 Gee EEN punt waarom dit ŉ goeie idee is om werklike syfers teen begrote syfers te vergelyk. (2)

6.2 Verwys na die kontantbegroting onder Inligting D:
Identifiseer TWEE items wat verkeerdelik in die Kontantbegroting aangeteken is (2)

6.3 Voltooi die Debiteure-invorderingskedule vir Julie 2019. (7)

6.4 Bereken die volgende:

6.4.1 Persentasie toename in salaris en lone met ingang van Julie 2019. (3)

6.4.2 Ontbrekende syfers, **(i)** en **(ii)**, in die uittreksel van die Kontantbegroting. (8)

6.5 Aan die einde van Julie 2019 het jy die volgende geïdentifiseer toe jy die begrote met die werklike syfers vergelyk het:

- Verduidelik wat jy aan die aandeelhouers oor elk van die volgende items aan die einde van Julie 2019 sal noem.
- In elke geval adviseer watter effek hierdie items op die maatskappy sal hê. (4)

	JULIE 2019	
	BEGROTE	**WERKLIK**
Ouditfooie	75 000	157 500
Advertensies	30 000	0

6.6 Aandeelhouers dink daaraan om die besigheidsperseel te koop, eerder as om dit te huur.

Verduidelik EEN voordeel en EEN nadeel van hierdie opsie. (4)

INLIGTING:

A. **Verkope, aankope van voorraad en koste van verkope:**

Totale verkope vir April 2019 tot Julie 2019 is as volg:

Maand	Totale verkope
April	R180 000
Mei	300 000
Junie	420 000
Julie	480 000

- 40% van alle verkope is kontant, die res is op krediet.
- Die winsopslag is te alle tye 60% op koste van verkope.
- Voorraad word maandeliks vervang.
- 70% van alle aankope is kontant, die res is op krediet.

B. **Debiteure-invordering:**

Van debiteure word verwag om soos volg te betaal:

- 30% van hul rekening te betaal in die maand van verkope (huidig) om te kwalifiseer vir 2,5% afslag vir vroeë betaling.
- 50% te betaal in die maand na die verkope transaksie-maand (30 dae).
- 18% te betaal in die tweede maand (60 dae).
- 2% word afgeskryf.

C. **Krediteure-betaling:**

Krediteure word in die maand na aankope betaal.

D. **STUTT BPK.**
Uittreksel uit kontantbegroting vir Junie en Julie 2019

	JUNIE 2019	JULIE 2019
ONTVANGSTE		
Kontantverkope	180 000	210 000
Invordering van debiteure	?	?
BETALINGS		
Direkteursfooie	300 000	255 000
Ouditfooie	-	75 000
Salaris en lone	135 000	151 200
Fondse vir aandele teruggekoop	-	450 000
Voertuie gekoop op krediet	285 000	-
Betaling aan krediteure	53 438	**(i)**
Kontant aankoop van voorraad	183 700	**(ii)**
Waardevermindering	19 200	19 200
Advertensies	30 000	30 000
Grond en geboue	-	4 500 000
Huur-uitgawe	46 125	46 125

30

TOTAAL: 300

Kopiereg voorbehou